# Wêreld- en tydsbeskouing in antieke kulture

**Marius Nel**[1]

**Departement Ou-Testamentiese Wetenskap**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## View of the world and time in ancient cultures

***Three important cultures that dominated the Ancient Near East in the three millennia BCE are investigated to delineate their world views, as well as their views of time and eternity. The aim of the article is to describe the view of the world and time in ancient cultures. The Egyptian, Mesopotamian and Vedic Indian cultures and theologies largely have the same view of the world, namely that it is an ordered unity that would keep on existing as it is known for all ages and time to come. Among these cultures there is no expectation of a world that would be made perfect, or become immutable in its perfection. They did not fantasize about a world without chaos. Chaos is the one factor that exists through all ages alongside order. Chaos is known to human beings in their daily existence in the form of warfare, drought and floods, with resultant famine. These conditions were typical of those times in areas where, with the exception of the fertile valleys alongside rivers, desert conditions otherwise prevailed and are interpreted theologically in terms of a combat between order and chaos, or between gods and demons.***

## 1. INLEIDING

Meeste Christene deel die verwagting dat die wêreld soos dit tans bestaan, tot 'n einde sal kom. Dan sal goed oor kwaad oorwin en die menslike en bo-aardse agente van die bose sal vir ewig gestraf word. Die uitverkorenes beërwe 'n nuwe, getransformeerde wêreld wat volmaak sal wees, tot in ewigheid. Dié verwagting ontstaan eers baie laat. In dié artikel word na die toekomsverwagting van die Egiptenaars, Mesopotamiërs en Vediese Indiërs gekyk. Hierdie drie kulture speel

[1] Hierdie is 'n artikel wat voortvloei uit 'n postdoktorale genootskap wat dr M Nel in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, in samewerking met prof dr D J Human voltooi het. Dr Nel is ook 'n navorsingsassosiaat in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap.

’n oorheersende rol in die Nabye Midde-Ooste in die drie millennia vC. Hulle wêreld- en tydsbeskouing laat geen ruimte of hoop vir ’n einde aan die wêreld soos dit tans bekend is nie, alhoewel hierdie wêreld voortdurend deur chaosmagte bedreig word.

## 2. EGIPTIESE WÊRELD- EN TYDSBESKOUING

### 2.1 Onverganklike wêreld

Die Egiptiese wêreldbeeld het die wêreld as onverganklik beskou (vgl Redford 1992:135-189 vir ’n bespreking van inskripsies en geskrifte waaruit hierdie gevolgtrekking gemaak word). Veranderinge vind wel voortdurend plaas, maar niks gee aanleiding tot ’n toekomsverwagting wat radikaal verskil van wat tans bekend is of in die verlede bestaan het. Soos dinge was, sal dit vir altyd bly (Kemp 1989:14)

Soos in alle kulture vorm die priesters en teoloë grootliks die wêreldbeeld en brei daarop uit. As gesiene lede van die boonste lae van die samelewing ondersteun hulle die sosiale orde wat die monarg en administrateurs dien, en verdien hulle hulle bevoorregte posisie (Cohn 2001:3).

Die twee elemente wat die wêreld vir die gewone mens wat nie deel van die bevoorregte, ryk minderheid is nie vorm, is orde en onstabiliteit wat die orde bedreig (Hayes 1959:23). Die Egiptenaar het langs die Nylrivier geleef, en was afhanklik van die jaarlikse oorstromings. Landbou is slegs op ’n klein strokie land aan weerskante van die rivier moontlik, mits die jaarlikse 960 kilometer-lange noordwaartse oorstromings tussen laat Junie en laat September plaasvind. Hulle lewe bestaan uit vrees vir droogte en vloed, wat mekaar dikwels in dié barre wêreld opvolg.

Die staat as beskermheer van orde, met die farao as beliggaming daarvan, behoort aan dieselfde orde as wat die beweging van die son, maan en sterre en die seisoene wat mekaar opvolg kenmerk (Cohn 2001:4).

In elke beskawing, ook die Egiptiese, staan die betrokke nasie in die sentrum van die geordende wêreld. Die etnosentriese benadering kenmerk alle kulture (Hornung 1982:231). Egipte was soos vele ander plekke bewoon deur klein, geïsoleerde groepe jagters vir tienduisende jare. Teen die vierde millennium versprei groepe boere in klein gemeenskappe langs die Nylrivier. Teen die tweede helfte van die millennium ontstaan klein staatjies, elk met ’n leier. Teen c 3050 vC ontstaan oorloë tussen hierdie proto-koninkryke, en hieruit

ontwikkel met tyd ’n verenigde koninkryk. Hoe die verenigde Egiptiese koninkryk ontstaan, word steeds druk deur Egiptoloë en historici gedebatteer. Geen teorie is nog gestel wat redelike konsensus geniet nie (Trigger, Kemp, O’Connor & Lloyd 1983:32-156).

Egipte is geografies redelik afgesonder, beskerm deur die woestyn in die weste, die Middelandse See in die noorde en die Rooi See in die ooste. Die land het beperkte invalle van vreemde moondhede beleef. Tog het politieke onrus lang rukke van die geskiedenis gekenmerk. Die Argaïese Periode en die Ou Koninkryk (3050-2160 vC) sien ’n groot beskawing wat tot stand kom, maar word gevolg deur twee eeue van swak regering en ekonomiese verval, bekend as die Eerste Tussenperiode (2160-1991 vC). Gedurende die Middel Koninkryk (1991-1786 vC) word vrede en welvaart herstel, gevolg deur die Tweede Middelperiode (1786-1540 vC) as Egipte in twee koninkryke geskeur word en polities en kultureel deur vreemdelinge oorheers word. Die Nuwe Koninkryk (1540-1070 vC) sien die opkoms van inheemse regeerders en die uitbreiding van grondgebied vanaf Nubië tot Klein-Asië, maar teen die hoë koste van langdurige oorloë. Dit lei uiteindelik tot die neerlaag van Egipte teen die Perse, daarna deur Aleksander die Grote en uiteindelik die Romeine. Die Egiptiese ryk word in 30 vC in die magtige Romeinse ryk opgeneem en geabsorbeer. Die geordende wêreld, soos deur die orde wat die staat verteenwoordig, word voortdurend bedreig deur die onstabiliteit van wanorde.

Vir meer inligting oor die Egiptiese wêreldbeeld, vergelyk Breasted (1972); Frankfort (1948); Wilson (1951); Hayes (1953 en 1959); Gardiner (1961); Hallo & Simpson (1971); Morenz (1973); David (1980 en 1982); Hornung (1982); Kemp (1989) en Redford (1992). Sommige van die skrywers beskryf ook die belangrike verskuiwinge in die teologiese wêreldbeeld wat volg op politieke verskuiwinge.

### 2.2 Ontstaan van wêreld

Egiptenaars het nie geglo dat die wêreld *ex nihilo* ontstaan het nie (Faulkner 1969:226 verwys na verskeie piramidetekste hieroor). Materie was nog altyd daar. Die oorspronklike skepping het bestaan uit vormgewing aan hierdie materie, wat aanleiding gee tot ’n geordende en ordelike wêreld. Hoe die skepping plaasgevind het, het aanleiding tot talle mites gegee. Die mees invloedryke van dié verhale is van die derde millennium af verbind aan die godsdienstige sentra by Heliopolis (oorspronklik On genoem), Memfis en Hermopolis. Die god wat vir die skepping by Heliopolis en Hermopolis

verantwoordelik is, is Ra, die songod, en by Memfis was dit Ptah, die aarde-god (Cohn 2001:5-6).

Wat ooreenstem tussen die drie tradisies (van Heliopolis, Memfis en Hermopolis) is dat die wêreld deur ’n god tot stand gekom het wat van altyd af (“ewig”) daar is (Faulkner 1969:227). Voor die geordende wêreld tot stand gekom het, het chaos geheers. “Chaos” is meestal in negatiewe terme beskryf: dit kan nie verduidelik word nie, dit is nie soos enigiets wat bekend is nie, dit is ’n negasie van die bestaande. Chaos was nie immaterieel nie, maar ’n grenslose oseaan wat Nun genoem word. Die oseaan was in duisternis gehul omdat die son nog nie geskep was nie. Die primale substansie was in die oseaan. Vir ’n bespreking van die Egiptiese skeppingsteologie, vergelyk Hornung (1982:96-170) en David (1980:46-49).

## 2.3 Orde en chaos

Die konsep van *ma’at* het ontstaan in antwoord op die behoefte van die staat dat mense dit sal erken as die werktuig van stabiliteit en orde (Cohn 2001:9). Die staat verteenwoordig mense van diverse oorsprong en dikwels met konflik-terende belange. ’n Stel reëls is nodig om mense tot ’n eenheid saam te snoer en tot ’n gemeenskaplike doelstelling te voer. *Ma’at* beteken “voetstuk”, en verwys na die voetstuk of basis waarop die troon gevestig was. *Ma’at* is die basis waarop die regstelsel van Egipte rus (Perdue 1977:19-28).

Mettertyd verkry *ma’at* ’n alles-deurdringende betekenis: wat ook al harmonieus en ordelik is, is ’n uitdrukking daarvan (Morenz 1973:134-176). Die hiëroglief vir *ma’at* verwys na die oerheuwel waaruit die geordende wêreld ontstaan het (Perdue 1977:31). In Memfitiese teologie word Ptah “heer van *ma’at*” genoem, terwyl in Heliopolitiese teologie Ra dié onderskeiding geniet (Cohn 2001²10).

Die monarg word ook met *ma’at* geïdentifiseer (Bleeker 1967:54). Volgens offisiële teologie is Egipte aan die begin deur die songod regeer. Sy seuns en dogters volg hom op. Hulle word opgevolg deur demi-gode en -godinne of geeste, en hulle word opgevolg deur die farao’s, wat direk afstam van die gode. Farao verteenwoordig die volk voor die gode en die gode voor die volk. Hy is verantwoordelilk dat *ma’at* in die naam van die gode beskerm en uitgebrei word. Die koning is *ma’at* en die volk word verenig met hom en *ma’at*. Deur *ma’at* te handhaaf hou die koning die staat ten volle geïntegreerd in die kosmiese orde en so verseker hy die welsyn van die samelewing (Bleeker 1967:55). Die enigste

rewolusionêre beweging wat onder die farao's bekend is, is as koning Akhenaten (hy regeer 1364-1347, en word ook Amenhotep IV genoem) die kultus van die ou gode onderdruk ten gunste van Aten, die skyf van die son. Hy identifiseer homself met Aten. Navorsers weet nie of dit 'n poging is op populêre opinie te akkomodeer nie, en of sy opvolger en skoonseun, Tutankhamun, se vinnige omswaaiing van die beleid die volk se goedkeuring weggedra het nie (Gardiner 1961:137).

'n Vrugbare Egipte was 'n teken van die teenwoordigheid van *ma'at,* en so ook oorwinning in 'n veldslag. Die vyand word as agente van chaos beskryf wat die orde bedreig. Vir die teologie van orde en chaos, vergelyk die geskrifte, die "Profesieë van Neferti" en die "Vermaninge van Ipuwer" (Assmann 1975:345-377 gee meer inligting, en vertalings kom voor in Lichtheim 1973, 1975, 1978).

Die teenoorgestelde van *ma'at* is *isfet*, wat vertaal word as valsheid of ongeregtigheid. *Isfet* is 'n mag wat teen reg gaan en waarmee die mens (en staat) rekening moes hou. Die Nun is steeds deur die heelal geweef en vul die onderwêreld. Elke nag gaan die songod onder in die Nun, oud en afgeleef, om die volgende dag versterk en vernuwe daaruit te kom. *Ma'at* word voortdurend bedreig deur monsteragtige wesens wat in die afgrond van die onderwêreld leef, onder leiding van Apofis of Apep (Budge 1912:12; Hornung 1982:158-159).

Om *ma'at* te verdedig teen die donker magte was 'n groot taak. Gode en mense moes saamwerk hierin. Die tempel se funksie was nie as vergaderplek vir gelowiges nie, maar as ruimte waarbinne priesters misterieuse en gekompliseerde rituele uitgevoer het in teenwoordigheid van slegs die god. Die tempel is beliggaming van die geordende kosmos, 'n herskepping van die oerheuwel, en die god moes oortuig en versterk word om *ma'at* te beskerm. Die gewone mense is nooit eens in die tempel toegelaat nie (vgl David 1980:127-132 en 1982:67-70 vir meer besonderhede).

### 2.4 Chaos en demone

Egiptiese demone was minder magtig en gevaarlik as Mesopotamiese, maar het tog 'n rol in die daaglikse lewe van die Egiptenaar gespeel. Hulle was die boodskappers van die groot gode, en verantwoordelik vir rampe, siekte en dood. Veral in tye as die orde versteur is (aan die einde van die dag, maand, jaar of dekade) was demone magtig om hulle vernietigingswerk te doen en chaos te bevorder (Budge 1912:12). Die kosmiese stryd tussen Ra en Apofis speel ook in

die daaglikse lewe af as orde en chaos in die Egiptiese lewe teenoor mekaar te staan kom (Hornung 1982:158-159).

### 2.5 Son en tyd

Die loop van die son deur die dag en seisoene word mettertyd deur Egiptenaars beskou as ’n model van stabiliteit en sikliese herhaling. Ra word dan ook met Osiris, die god wat deur Set vermoor en in stukke gekap is maar wonderbaarlik uit die dood opstaan, geïdentifiseer. Vir ’n bibliografie oor die omvangryke Set-Osiris-navorsing (vgl David 1982:242). Die twee groot gode, Ra en Osiris, gee aan Egiptenaars ’n patroon van dood en hergeboorte, van die einde wat tot ’n nuwe begin lei (Cohn 2001:20).

Hieruit ontstaan ’n tydsbeskouing wat tyd beskou in terme van ’n eindelose opeenvolging: sonder einde en sonder wesenlike verandering, behalwe vir sikliese herhaling wat ook eindeloos vooruit strek tot in die niet. Daar is enkele tekste wat iets bevat van ’n eindverwagting. Ná miljoene en miljoene jare, word gesuggereer, sal die tyd wat aan die aarde toegeken is, uitloop. Die son sal nie meer opkom nie en die hemele sal val en die kosmos sal teruggaan na ’n waterige chaos. Maar dié verwagting lê so ver in die toekoms dat daarop nie uitgebrei word nie. Vergelyk “Die Boek van die Dood”, hoofstuk 175; vir vertalings (vgl ook Hornung 1982:104; Gardiner 1961:32). Die bestaande, ordelike wêreld word wel bedreig, maar sal eindeloos voortduur. Niks kan gebeur wat nie reeds gebeur het nie. Vir ’n soortgelyke tydsbeskouing, vergelyk Prediker (1:4-11 vir een voorbeeld). In tye van politieke en sosiale rampe het die mens slegs gesmag na ’n herstel van orde soos in die verlede gegeld het. Profesieë in sulke tye het dan ook gedink aan herstel van die orde van die verlede (vgl Smith 1978:74-87).

Geen farao kan beter doen nie as om die omstandighede te hervestig wat gegeld het “soos dit was in die tyd van Ra, in die begin” (Hornung 1982:93, 95).

### 2.6 Ná-lewe en oordeel

Sieninge oor die moontlikheid van lewe na die dood wissel deur die eeue in Egiptiese denke. In die Ou Koninkryk word dié sieninge baie belangrik. Nou ontstaan die geloof dat die farao met sy dood die lug in vaar en by die poolsterre gaan bly omdat dit nooit uit die gesigseinder verdwyn nie. Of die farao gaan na Ra, om saam met hom daagliks (en veral in die nag in Nun) *ma’at* te beskerm. Koninklike grafte en piramides gee aan die geloof uitdrukking. Hooggeplaastes se grafte mag naby die farao’s s’n gebou word, waarskynlik in die hoop dat die

farao hulle geselskap in die hiernamaals sal kan geniet. Gewone mense het niks meer te verwag van die ná-lewe nie as dat hulle moeitevolle arbeid op aarde voortgesit word (Hornung 1968:104-112).

Die Eerste Middelperiode sien die demokratisering van onsterflikheid en 'n geluksalige ná-bestaan. Op 'n manier hou dit verband met die verspreiding van die Osiris-kultus. Osiris ly en sterf as onskuldige en word deur sy opstanding gevindikeer. Hy deel ook die opstanding uit die dood mee aan sy getroue volgelinge. Mettertyd word hy die god van die onderwêreld. Ná-lewe bestaan uit 'n bestaan vry van gevaar, ouderdom en siekte, met volop bier, koel water, goeie klere en vars briesies (Smith 1978:74-87).

Teen die tyd van die Middel Koninkryk kan almal in dié seëninge deel. Om te kwalifiseer moet jy egter Osiris aanbid het en jou lewe volgens *ma'at* ingerig het. Nou kom die mens by sy/haar dood in 'n hofsaak voor regters te staan waar sy/haar hart geweeg word teenoor *ma'at*. Vergelyk die Egiptiese "Boek van die Dood", asook Zandee (1960:14-41) en Hornung (1968:59) vir 'n bespreking.

Uit die "Boek van die Dood" is dit duidelik dat oortreders in die kloue van die slang Apofis beland en die teenoorgestelde lot van die regverdiges geniet (Boek van die Dood, hfst 175). Die "tweede dood" bestaan uit duisternis of 'n see van vuur of 'n gevaarlike krokodil waarin chaos die oortreder oorneem. Die doel bly dieselfde: om alle chaos uit die kosmos te elimineer. Slegs in die ná-bestaan sal dit volledig kan gebeur.

Wat belangrik vir ons bespreking is, is dat geen konsep in Egiptiese denke bestaan of ontstaan dat alles na 'n universele konsummasie sou beweeg en chaos nooit weer die wêreld sou bedreig nie.

## 3. MESOPOTAMIESE WÊRELD- EN TYDSBESKOUING

Rondom 3000 vC het die mense wat in die suide van Mesopotamië bly en Sumeries as spreektaal gebruik, alreeds 'n idee van wêreldorde. Hierdie begrip word mettertyd oorgeneem deur die mense wat Akkadies praat en meer noord woon. Hulle opvolgers, die Babiloniërs en Assiriërs, gebruik steeds dieselfde konsep as hulle oor Mesopotamië in die tweede en eerste millennia regeer (Kramer 1944:125-137). Net soos die Egiptiese samelewing bestaan die Mesopotamiese vir digby drieduisend jaar en bly redelik eenvormig in sy denke.

Lewe in Mesopotamië is selfs nog onveiliger as in Egipte. Lewe is alleen moontlik in die Mesopotamiese woestynwêreld danksy die besproeiing wat uit die Tigris en Eufraat gedoen word. Maar besproeiing was harde en gevaarlike werk,

veral tydens die vloedperiode tussen April en Junie. Die twee riviere is veel meer onbetroubaar as die Nyl. Die toekoms was nooit voorspelbaar nie en enige ramp kon wag (Kramer 1963:43).

Die land word ook vanaf die derde millennium voortdurend bedreig deur vreemde magte: die Gutiane, Elamiete, Kassiete en Perse maak beurte om die land deur veldslae te verwoes. En tussen-in baklei die Mesopotamiërs met mekaar, vir oorheersing van Sumer en sy dosyn stadstate. Vanaf die middel van die derde millennium tot met die val van Babel in 539 vC regeer 'n eindelose lys van Sumeriese en Semitiese monarge oor die suide en noorde, en is gedurig in oorlog met mekaar gewikkel (Oates 1979:143-159). Oor die beskawing en wêreldbeeld van Mesopotamië, vergelyk Kramer se drie volumes (1944, 1958, 1963; kyk ook Frankfort 1948; Oppenheim 1964; Jacobsen 1976; Saggs 1978, 1984 & 1988; Oates 1979; Roux 1980).

### 3.1 Ontstaan van die wêreld

Uit Mesopotamiese geskrifte wat oorgelewer is, kom die volgende beeld van die ontstaan van die wêreld na vore: baie lank terug was daar slegs 'n sout oseaan. Die oseaan gee geboorte aan die aarde en lug wat aan mekaar vas is. 'n God dwing hulle uit mekaar en so ontstaan die bekende wêreld (Jacobsen 1967:57).

Die sentrum van die aarde is Babel vir die Babiloniërs en Nippur vir die Sumeriërs, en die hele wêreld word deur gode en godinne geregeer. Aanvanklik verteenwoordig hulle aspekte van die natuur, maar funksioneer later as beskermhere van individuele stadstate. Met tyd verander die klem en word die gode in 'n hiërargies gestruktureerde pantheon gerangskik (Jacobsen 1967:139-143).

Oorspronklik was die hoogste god die beskermgod van Uruk, An in Sumeries vir "lug" en "veranderende konstellasies". Hy is die vader van alle dinge, ook van die gode en demone. Byna net so magtig as An is Enlil, here van die aarde en nasionale god van Sumer. Hulle agent is die songod, Utu vir die Sumeriërs en Shamash vir die Semiete. Sy spesiale taak is om die beginsel van *mettu* of *mesharu* (reg en geregtigheid) te handhaaf (Oppenheim 1964:43). Oor die beginsel van regtheid (vgl Jacobsen 1976:243). Die son beweeg in 'n perfekte baan om waar te neem waar reg geskied en waar nie. Shamash dra 'n staf wat regtheid voorstel en 'n ring wat volmaaktheid simboliseer.

### 3.2 Koning

Oorlog en die bedreiging daarvan help die monargie ontwikkel (Perdue 1977:85-94). Vanaf die tweede millennium is die monargie die dominerende regeringsvorm. Die koning word ’n majestueuse figuur met ’n bonatuurlike uitstraling wat ooreenstem met die gode. Konings is nie vergoddelik nie, maar hulle aanstelling is as goddelik beskou. Die gedagte agter die aanstelling van konings deur gode is dat die mens so dom is dat regeerders deur die gode aangestel word om te verseker dat hulle die gode sal dien soos wat dit bedoel is (Perdue 1977:101).

’n Mesopotamiese staat is die belangrikste uitdrukking op aarde van goddelik vasgestelde orde (Saggs 1988:364). Die koning moet die gode gelukkig hou, en daarom moet hy vas en bid en rituele reiniging ondergaan en talle rituele onderhou. Die koning se naam is “hy wat die lewe van die land onderhou” (Saggs $1988^2$:369). Die wêreldorde bestaan uitsluitlik ter wille van die gode en die Mesopotamiërs. Oorlog word beskou as een van die effektiefste maniere om orde te versterk (Jacobsen 1976:79) .

### 3.3 Chaos

In die praktyk was die lewe onveilig. Chaotiese magte is in die wêreld aan die werk. Dié bewustheid deurdring Mesopotamiese mitologie (Jacobsen 1976:231). Aan die hart daarvan lê die gevegsmite (*combat myth*) wat vertel hoe die god in ’n geveg die bestaande ordelike wêreld teen die aanslag van chaos beskerm. Die held van Sumeriese mites is gewoonlik Ninurta, god van die donderstorm en lentevloed. Die vyand is die demoon Asakku, wat na die aarde kom op ’n wolk of die noordewind. Ander mites vertel hoe die geordende wêreld deur monsters bedreig word wat vanuit die *abzu* of afgrond onder die aarde voortkom (vgl Fontenrose 1959:21; Forsyth 1987:87-135).

Die bekende Babiloniese epos, *Enuma elish* (vernoem na die openingswoorde, wat beteken “Toe van die hoogte af”), vertel van Mardoek se gevegte. Hy was die beskermgod van Babel, en koning Hammoerabi het hom reeds tot hoofgod gepromoveer. *Enuma elish* doen dieselfde, in die laat tweede millennium.[2]

Die verhaal van die skepping word vertel, hoe die gode die beginsel van beweging die wêreld indra. Die gevegsmite word gebruik om die skepping te verduidelik, en om verder te verklaar hoe die orde deur die eeue in stand gehou

[2] Vir ’n vertaling van die epos, kyk Langdon (1923); Heidel (1946). Vir ’n bespreking van die epos, kyk Jacobsen 1976:167-191.

is. Die verteenwoordigers van beweginglooshei moet telkens opgespoor en uitgewis word om die chaos weg te hou (Jacobsen 1976:137). Tog is die wêreld nooit veilig nie. Elke verslane vyand bly bestaan en vorm vanuit die skaduwees ’n bedreiging. Die epos bevat gebede dat die orde mag wen (Jacobsen 1976:238).

Die Nuwejaarsfees of *akitu* is uitdrukking van die mens se behoefte aan veiligheid. In ’n land waar die klimaat enige oomblik die bevolking in hongersnood kan dompel, was dit belangrik dat Mesopotamiërs alles in hulle vermoë sal doen om te verseker dat seisoene op mekaar volg en die water nie weg bly nie. Deur die *akitu* word die natuur (hopelik) vernuwe, die samelewing gekonsolideer en chaos vir nog ’n jaar afgeweer (Roux 1980:104-105, 265-269).

Vanuit menslike oogpunt is die gode ook ’n bron van onveiligheid. As slawe van die gode weet die Mesopotamiërs beter as om hulle meesters te vertrou. Gode kan wispelturig optree en sonder rede vernietig en verwoes (vgl bv Jacobsen 1976:116-121.) Wat op aarde gebeur is ’n weerspieëling van wat in die hemele gebeur. As dit sleg gaan met Babilon, beteken dit dat Mardoek bedreig word.

### 3.4 Demone

Daar is egter ook ander beliggaminge van chaos en vernietiging, die demone. Die Mesopotamiërs ken hordes van hulle, en almal is ingestel om te verwoes en chaos te laat seëvier. By geleentheid dring die demone selfs die hemelruim binne en val die maan aan, wat lei tot ’n maansverduistering (Saggs 1988:306).

Individue word ook aangeval, veral in spesifieke situasies, soos wanneer hulle alleen is, of slaap of eet, of wanneer hulle geboorte skenk. Demone vernietig familiebande deur ’n man impotent te maak of ’n vrou van haar man te vervreem. Hulle drink ook mensebloed en eet hulle vleis. Die biblioteek van die laaste Assiriese koning, Assurbanipal, te Nineve (nou in die Britse Museum) bevat ’n lys van demone en soorte demone, met hulle onderskeidende kenmerke (vgl Thompson 1903 en 1904 vir vertalings hiervan, met inkantasies teen die onderskeie demone).

Demone is minder suksesvol wanneer mense dit regkry om nie te sondig nie. “Sonde” word verklaar in terme van oortreding van die beginsel van reg. Wanneer iemand sondig, verlaat die beskermende gees of geeste wat oor die mens waak hom of haar, en die demone het vry spel om die mens aan te val (vgl bv Thompson 1904:243).

### 3.5 Onsterflikheid

Die gode het onsterflikheid slegs vir hulleself gereserveer. Hulle bepaal dat die dood die universele lot van alle mense is.[3]

Dit beteken nie dat die dode ophou om te bestaan nie. Totale annihilasie is net so ondenkbaar as by die Egiptenaars. Mesopotamiërs word saam met potte, panne en gelukbringers begrawe, en van kos en drank deur hulle nageslag op ’n gereelde basis voorsien. As die familie getrou is hierin, sal die oorledene hulle bystaan in siekte en probleme. Maar as die graf afgeskeep word, tree die oorledene soos die demone op om te verwoes. ’n Persoon wat nie behoorlik begrawe is nie of te gou vergeet word, bring fisiese of geestesiekte op sy of haar nageslag. Dieselfde rituele wat gebruik word om demone uit te dryf word ook teen die gees van die wraakgierige oorledene ingespan (Heidel 1949:121).

Selfs vir die gelukkigste onder die dooies bied die ná-lewe geen troos op die stryd en swaarkry wat die mens op aarde beleef het nie. Die gode van die onderwêreld waarheen die dooies gaan, soos Nergal en Ereshkigal, is slegte geselskap wat eerder die dooies martel, terwyl hulle hulle paleis baie goed bewaak sodat niemand daaruit kan ontsnap nie (Gardiner 1935:24). Die hoop op ’n geluksalige ná-bestaan wat so reëel vir die Egiptenaars was, vind geen ruimte in die teologie van die Meopotamiese inwoners nie.

Nes die Egiptenaars het die Mesopotamiërs ook vir geen oomblik verwag dat die wêreld uiteindelik en finaal volmaak en perfek gemaak sal word nie. Die aarde is onveranderlik in sy voltooidheid en ordelikheid. Hulle het geen fantasieë van ’n kosmos sonder chaos geken nie (Cohn 2001:56).

## 4. VEDIES-INDIESE WÊRELD- EN TYDSBESKOUING

Die wêreldbeeld van die proto-Indo-Iranese stamme wat in die tweede helfte van die derde millennium op die groot oop steppe van suidelike Rusland gebly het, was ook gebaseer op ’n goddelik daargestelde orde wat basies tydloos en onveranderlik was, alhoewel alles nie altyd kalm en rustig was nie. Teen 2000 vC of vroeër het die groep in twee gedeel, met die Indo-Ariane wat deur Sentraal-Asië en Afghanistan na die Indusvallei getrek het, en die Iranese.[4]

Die Indusvallei is, soos die areas rondom die Nyl en Tigris-Eufraat, ’n wieg van die beskawing. Die ryk en bekende stede van Harappa en Mohenjo-daro val

---

[3] Vgl bv die “Epos van Gilgamesh,” vertaal deur Jacobsen (1976:202-203, 207); Heidel (1949); Gardiner (1935:16-22).

[4] Vir meer inligting oor die proto-groepe, vgl Basham (1967:2-94); Wolpert (1982:21-97).

in 1750 voor Indo-Ariaanse invalle. Die Ariane was minder ontwikkel as die mense in die stede wat hulle oorneem. Hulle bedryf nog ruilhandel. Mettertyd vestig hulle die "Land van die Sewe Riviere" oor die periode van 1500-1000 vC.

### 4.1 Samelewing

Die samelewing was soos volg ingerig: elke stam het 'n *raja* of koning, wat regeer deur 'n versameling van militia en 'n raad van oudstes (Schlerath 1960:122-126). Aanvanklik is die koning se rol om die stam in oorlog te lei. Oorwinning in die geveg, voorspoed en welvaart is gawes van die gode en bewyse dat die koning in harmonie met die gode en kosmiese orde leef.

Die priesters of *brahmins* kry al meer mag sodat hulle naas die koning die magtigste figure word. Hulle ontleen hulle mag aan hulle direkte inspraak by die gode. Selfs as die koning die priesters die harnas in jaag, kan dit gebeur dat die priesters die koning van sy troon onthef (Schlerath 1960:132). Geen argeologiese reste het van dié samelewing oorgebly nie. Hulle bou nie met stene nie en maak geen beelde nie (Cohn 2001:58).

### 4.2 *Rig Veda*

Die enigste bron van inligting is die *Rig Veda*, 'n geskrif met meer as 'n duisend liedere in Sanskrit wat eers rondom 600 vC neergeskryf is, maar tekste bevat wat sover teruggaan as 1200 vC Die liedere is gedigte wat gesofistikeerdheid vertoon, en die welvaart en gesondheid van gewone mense in die oog het. Tog is dit duidelik dat dit eintlik die belange van die intellektuele elite is wat hierdeur gedien word. Vir meer inligting, vgl Gonda (1975:32). (Vir 'n vertaling van die *Rig Veda*, kyk O'Flaherty 1981.)

"*Veda*" beteken "kennis", hier gebruik in die sin van kennis van bonatuurlike magte wat aktief in die wêreld is, en hoe om hulle te beïnvloed. Hierdie kennis is "gesien" deur wysgere in 'n staat van visioenêre ekstase.

### 4.3 Gode

Die *Rig Veda* ken nie die begrippe wat latere Indiese denke kenmerk nie, van oneindige tydsiklusse wat stadig ontvou en oor en oor herhaal, terwyl mensesiele stadig deur duisende inkarnasies gaan (Cohn 2001:59-60). Vediese Indiërs dink heeltemal anders. Hulle kyk na die kosmos as 'n geordende wêreld wat nooit sal verander nie, en altyd onvolmaak sal bly omdat dit konstant deur vernietigende magte bedreig word. Tog sal dit oneindig oorleef soos dit tans is (Oldenburg 1917:42-87, Griswold 1923:87-91, Brown 1966:31-62; Bhattacharji 1970).

Die kosmos het egter nie altyd bestaan nie. Verskeie weergawes van die skeppingsgebeure kom in die *Rig Veda* voor (O'Flaherty 1981:25-40; vgl ook Eliade 1979:223-227; O'Flaherty 1976:139-140. In die belangrikste weergawes oorwin Indra oor oerchaos en skep die geordende wêreld. 'n Kwart van die liedere word aan Indra gewy. Oorspronklik verteenwoordig hy die brute krag van die natuur, as stormgod en stuurder van reën. As "die een met 'n duisend testikels" is hy ook eindelose kreatiewe energie en vitaliteit (vir meer inligting oor Indra, vgl Choudhuri 1981:42-159). Op die rand van die wêreld woon die demoon Vala in 'n grot. Onder hom werk baie demone wat koeie gevange hou. Vala se taak is om wanorde te bevorder (Kramer 1961:281-286).

In 'n ander skeppingsmite is Vritra, 'n reuse slang, in beheer van oerwaters, en hy stel hom ten doel om te keer dat orde ontstaan. Die waters moet vir ewig gevange gehou word. Oorlog breek uit tussen die Adityas, agt gode, en Vritra, wat aan die hoof van sewe demone staan. Die Adityas roep Indra tot bestaan as die kampioen wat oor chaos oorwin. Indra se pa is die lug en sy ma is die aarde. Sy eerste stap is om drie groot slukke van die stimulant soma te drink. Hy word hiervan so groot dat hemel en aarde deur hom gevul word. Hy wen die geveg. Dit is egter nie die einde nie. Daar is steeds weer demone wat verslaan moet word. Elke keer moet die waters weer vrygestel word en die son weer beskikbaar gemaak word as die kosmos nie in chaos wil sink nie (O'Flaherty 1981:148-151).

Hierdie gevegsmites staan duidelik in noue verband met dié van ander beskawings. Vritra lyk na die Egiptiese Apofis as verteenwoordiger van oerchaos. Die parallellisme met die Mesopotamiese mites van Mardoek is ook voor die hand liggend. Die gevegsmite (*combat myth*) kom voor in die Egiptiese, Mesopotamiese en Indo-Europese tradisies. Het dit 'n gemene oorsprong? Cohn (2001:65) is van mening dat dit eerder te doen het met gemeenskaplike vrese en hoop, en lewensomstandighede wat met die daaglikse stryd tussen chaos en orde te doen het. In een of ander vorm bestaan die mite byna regdeur die antieke wêreld. En dit sê presies dieselfde vir mense in verskillende kulture: dat die wêreld nog altyd deur chaos bedreig is en bedreig sal word, maar dat dit tog sal oorleef en altyd sal bly bestaan.

### 4.4 *Rita*

Die kosmos sal bly bestaan danksy die beginsel van *rita*, wat "om in beweging te stel" beteken, en verwys na die normale en regte manier vir dinge om in die

wêreld plaas te vind. Die term stem ooreen met die Egiptiese *ma'at*. *Rita* is universeel, met die son, maan en sterre wat volgens dieselfde beginsel hulle bane volg (Lüders 1959:568-584).

Enige fout wat die mens maak, insluitend om die verkeerde offers vir die gode te bring, word met siekte gestraf, wat *anrita* genoem word, of "'n teken van wanorde" (Lüders 1959:583). Mense bid tot Varuna om vergifnis en om hulle geluk te skenk. Varuna gee ook vir die mens 'n lys van wat nie gedoen mag word nie. As god van die eed is dit vir Varuna veral verkeerd as iemand valslik sweer (Lüders 1959:568). Die Vediese pantheon sluit vele gode in. En dan was daar die rol wat koeie gespeel het (Brown 1966:58-64). Die koei is simbool van alles wat kosbaar is.

## 4.5 Offers

Die rol wat offers in die Vediese gemeenskap speel, verskil van dié in ander kulture (Gonda 1975:86). Die Vediese Indiër het geen tempels of openbare, stam- of nasionale rituele nie. Die gesin of familie bring offers in hulle huise as 'n vorm van private gasvryheid: die besondere gode word genooi om 'n maaltyd tot hulle eer by te woon. 'n God word soos 'n gas ontvang, 'n sagte sitplek op die gras aangebied, deur poësie en sang vermaak en die keur van die voedsel gegee. Die gedagte is dat die god die gasvryheid met 'n guns sal beloon. Die belangrikste dryfveer agter die kultus is individue se behoefte om hulle eie belange te bevorder. Die gode word deur die geur van die offers wat die hemele bereik gevoed. Hulle welstand en onsterflikheid hang af van offers. So word offers gebruik om die orde in die kosmos tot stand te hou, omdat die gode daardeur versterk word om dit te doen (Gonda 1975:104-173).

Byna alle private rituele benodig die dienste van 'n priester, wat teen betaling gehuur word. Elke koninklike offer het ook gepaard gegaan met duur geskenke aan die *brahmins* (Cohn 2001:73).

## 4.6 Chaos

Rudra is die god van die woesteny of ongekultiveerde land, en van die gevaarlike en vreeswekkende aspekte van die natuur. Hy bring siekte en dood na mense en hulle vee (Gonda 1975:85-89). 'n Paar liedere in die *Rig Veda* is aan hom gerig, in die hoop om sy vernietigende mag te besweer. Trouens, as die mens hom aan sy of haar kant kan kry, word hy 'n behulpsame dokter vir mens en dier.

Die demone leef aan die rand van die wêreld en beskou hulle taak om die mag van die gode omver te werp. Om dit reg te kry moet hulle *rita* verswak. Enige inmenging in die klassestruktuur wat die gemeenskap kenmerk en sosiale rolle bepaal is die werk van demone, en het ten doel om chaos in die geordende samelewing in te dra (O'Flaherty 1976:79).

Die mens kan sy of haar kragte agter die demone ingooi. Dit kan selfs gebeur dat groepe mense dit doen, soos die geval is met die *dasas*, of donkerkleurige inheemse mense wat in besit van Noord-Indië was toe die Ariane daar aangekom het (O'Flaherty 1976:81; *Rig Veda* 7.104).

Die demone leef in die onderwêreld, 'n bodemlose put waar absolute duisternis heers. Mense wat hulleself teen *rita* geplaas het, gaan soontoe. Dit sluit mense in wat nie die offers gebring het nie of die priesters geminag het. So bevestig die priester sy mag.

### 4.7 Dood

In proto-Indo-Iranese tye was dit waarskynlik die lot van alle mense om na die onderwêreld af te daal as hulle sterf. In Vediese tye is dit die lot van sondaars en gewone mense (Boyce 1975:27).

Vir die bevoorregtes wag daar egter 'n beter lewe. Gegewe dat hulle die gode en priesters geag het en die regte rituele offers gebring het, wag 'n ná-bestaan wat net van genot en vreugde getuig. Vediese Indiërs glo dat elke individu 'n siel het, wat so onvoelbaar soos 'n mens se asem is. Met die dood verlaat die siel die liggaam om dan dadelik met die liggaam verenig te word. Selfs as die liggaam veras word gebeur dit, behalwe wanneer die liggaam deur diere of voëls verskeur is of die bene nie korrek gerangskik is nie. Lewe gaan ná die dood gewoon voort (Cohn 2001:76).

Die bevoorregtes gaan na die hemel waar hulle saam met die vaders, die dooies, en Yama, die eerste mens, lewe. Die hemel is vol lig, harmonie en vreugde. Die inwoners leef van melk en heuning en maak liefde oor eeue. Die geluid van die fluit en soet liedere vul die lug. Daar is orals wenskoeie wat enigiets verskaf waarvoor 'n mens kan hoop. Die ná-lewe van die gelukkige minderheid is selfs baie beter as wat hulle op aarde kan wens. Bo alles, hierdie lewe is vry van alle agente en werking van chaos. Die wêreld soos mense op aarde dit ken hou egter aan soos dit nog altyd was, tot in ewigheid.

## 5. SINTESE

Uit 'n bespreking van die drie belangrike kulture wat die drie millennia voor Christus oorheers, die Egiptiese, Mesopotamiese en Vedies-Indiese, het dit duidelik geblyk dat daar belangrike ooreenkomste in die onderskeie wêreld- en tydsbeskouinge bestaan, ten spyte van verskille. Onderlinge verskille het te doen met hoe die wêreld ontstaan het, wie vir chaos verantwoordelik is en waaruit die verwagting van 'n ná-lewe bestaan.

Wat die drie kulture in gemeen het, is: hulle beskou die wêreld as 'n geordende geheel, wat tydloos gaan aanhou bestaan sonder enige hoop op 'n einde. Die aarde en mensdom se voortbestaan word voortdurend deur chaos bedreig, soos beskryf in die mens se ervaring van oorlog, droogte en vloede. Agter die choas staan magte wat demonies van aard is. Mense word voortdurend voor die keuse gestel of hulle tot orde of chaos gaan bydra. Godsdiens word gegrond in die bediening van gode met die doel dat die gode in staat is om die orde te handhaaf. Telkemale oorwin die orde, mits die mens die regte rituele volg en die gode gelukkig hou.

Die wêreld- en tydsbeskouing van die drie kulture laat geen ruimte of hoop vir 'n einde aan die wêreld soos dit tans bekend is nie, alhoewel hierdie wêreld voortdurend deur chaosmagte bedreig word.

### Literatuurverwysings


Assmann, J 1975. *Zeit und Ewigkeit im Alten Ägypten*. Freiburg: Herder.

Basham, A L 1967. *The wonder that was India: A study of the history and culture of the Indian sub-continent before the coming of the Muslims.* New York: Hawthorn Books.

Bhattacharji, S 1970. *The Indian theolony*. London: Cambridge University Press.

Bleeker, C J 1967. *Egyptian festivals: Enactments of religious renewal*. Leiden: Brill.

Boyce, M 1975. *A history of Zoroastrianism*, Vol 1. Leiden: Brill. (Handbuch der Orientalistik.)

Breasted, J H 1972². *The development of religion and thought in ancient Egypt*. New York: Harper.

Brown, W N 1966. *Man in the universe*. Berkeley: American Institute of Indian Studies.

Budge, E A W 1912. *Legends of the gods*. London: Methuen.

Cohn, N 2001. *Cosmos, chaos & the world to come*: *The ancient roots of apocalypticism.* 2nd edition. New Haven: Yale University Press.

Choudhuri, U 1981. *Indra and Varuna in Indian mythology*. Delhi: Motilal Banarsidass.

David, A R 1980. *Cult of the sun: Myth and magic in ancient Egypt*. London: Routledge.

David, A R 1982. *The ancient Egyptians: Religious beliefs and practices*. Boston: Routledge & Kegan Paul.

Eliade, M 1979. *A history of religious ideas*, Vol 1: *From the stone age to the Eleusinian mysteries*, tr by W R Trask. London: Collins.

Faulkner, R O 1969. *The ancient Egyptian pyramid texts*. Oxford: Oxford University Press.

Fontenrose, J 1959. *Python: A study in Delphic myth and its origin*. Berkeley: University of California.

Forsyth, N 1987. *The old enemy: Satan and the Combat Myth*. Princeton, NJ: Princeton University Press.

Frankfort, H 1948. *Kingship and the gods: A study of Near Eastern religion as the integration of society and nature*. Chicago: Chicago University Press.

Gardiner, A H 1935. *The attitude of the ancient Egyptians to death and the dead*. Cambridge: Cambridge University Press.

Gardiner, A H 1961. *Egypt of the pharaohs*. Oxford: Clarendon.

Gonda, J 1975. *Vedic literature*: *Samhitas and Brahmanas*. Wiesbaden: Harrassowitz.

Griswold, H D 1923. *The religion of the Rigveda*. London: Humphrey Milford.

Hallo, W W & Simpson, W K 1971. *The ancient Near East: A history*. New York: Scribner.

Hayes, W C 1953. *The scepter of Egypt*, Vol 1. New York: Scribner.

Hayes, W C 1959. *The scepter of Egypt*, Vol 2. New York: Scribner.

Heidel, A S 1946. *The Babylonian genesis: The story of creation*. Chicago: University of Chicago Press.

Heidel, A S 1949. *The Gilgamesh epic and Old Testament parallels*. 2nd edition. Chicago: University of Chicago Press.

Hornung, E 1968. *Altägyptische Höllenvorstellungen*. Berlin: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Hornung, E 1982. *Conceptions of god in ancient Egypt: The one and the many*, tr by J Baines. London: Routledge & Kegan Paul.

Jacobsen, T 1976. *The treasures of darkness: A history of Mesopotamian religion*. New Haven: Yale University Press.

Kemp, B J 1989. *Ancient Egypt: Anatomy of a civilization*. New York: Routledge.

Kramer, S N 1944. *Sumerian mythology: A study of spiritual and literary achievement in the third millennium BC.* New York: Harper.

Kramer, S N 1958. *History begins at Sumer*. London: Thames and Hudson.

Kramer, S N (ed) 1961. *Mythologies of the ancient world*. New York: Hawthorn Books.

Kramer, S N 1963. *The Sumerians: Their history, culture and character*. Chicago: Chicago University Press.

Langdon, S 1923. *The Babylonian epic of creation*. Oxford: Clarendon.

Lichtheim, M 1973. *Ancient Egyptian literature*. Berkeley: University of California Press. (A Book of Readings 1.)

Lichtheim, M 1975. *Ancient Egyptian literature*. Berkeley: University of California Press. (A Book of Readings 2.)

Lichtheim, M 1978. *Ancient Egyptian literature*. Berkeley: University of California Press. (A Book of Readings 3.)

Lüders, H 1959. *Varuna*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Morenz, S [1960] 1973. *Egyptian religion*. London: Collins.

Oates, J 1979. *Babylon*. London: Thames and Hudson.

O'Flaherty, W D 1976. *The origins of evil in Hindu mythology*. Berkeley: University of California Press.

O'Flaherty, W D 1981. *The Rig Veda: An anthology*. *One hundred and eighty hymns.* Harmondsworth: Penguin.

Oldenburg, H 1917. *Die Religion des Vedas*. 2.Aufl. Berlin: Hertz.

Oppenheim, A L 1964. *Ancient Mesopotamia: Portrait of a dead civilization*. Chicago: University of Chicago Press.

Perdue, L G 1977. *Wisdom and cult: A critical analysis of the views of cult in the wisdom literature of Israel and the Ancient Near East*. Missoula: Scholars Press.

Redford, D B 1992. *Egypt, Canaan and Israel in ancient times*. Princeton: Princeton University Press.

Roux, G 1980. *Ancient Iraq*. Harmondsworth: Penguin.

Saggs, H W F 1978. *The encounter with the divine in Mesopotamia and Israel*. London: Athlone.

Saggs, H W F 1984. *The might that was Assyria*. London: Sidgwick & Jackson.

Saggs, H W F 1988. *The greatness that was Babylon*. 2nd edition. London: Batsford.

Schlerath, B 1960. *Das Königtum in Rig- und Arthavaveda*. Wiesbaden: Harrassowitz.

Smith, J Z 1978. *Map is not territory*. Leiden: Brill.

Thompson, R C 1903. *The devils and evil spirits of Babylon*, Vol 1: *"Evil spirits". Being Babylonian and Assyrian incantations against the demons, ghouls, vampires, hobgoblins, ghosts and kindred evil spirits which attack mankind,* tr by R C Thompson. New York: AMS Press.

Thompson, R C 1904. *The devils and evil spirits of Babylon*, Vol 2: *Being Babylonian and Assyrian incantations against the demons, ghouls, vampires, hobgoblins, ghosts and kindred evil spirits which attack mankind,* tr by R C Thompson. New York: AMS Press.

Trigger, B G et al 1983. *Ancient Egypt: A social history*. Cambridge: Cambridge University Press.

Wilson, J A 1951. *The burden of Egypt*. Chicago: University of Chicago Press.

Wolpert, S 1982. *A new history of India*. New York, Oxford: Oxford University Press.

Zandee, J 1960. Death as an enemy according to ancient Egyptian conceptions. PhD thesis, Rijksuniversiteit, Leiden.